


# KENNISGEWING 2023

OOS VRYSTAAT KAAP BEHEREND (EDMS) BEPERK

SAAM BEREIK ONS MEER
TOGETHER WE ACHIEVE MORE

# KENNISGEWING

ALGEMENE JAARVERGADERING VAN AANDEELHOUERS VAN
OOS VRYSTAAT KAAP BEHEREND (EDMS) BEPERK
REGISTRASIENOMMER 1999/004070/07
("DIE MAATSKAPPY")

---

## A. KENNISGEWING

Kennis geskied hiermee aan die Aandeelhouers van die Maatskappy soos op die rekorddatum, dat die Vyf en Twintigste Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy gehou gaan word soos aangedui:

Datum: **18 Julie 2023**

Tyd: **10h00**

Plek: **My Housy Gastehuis, Prinsloostraat 21A, Ladybrand**

## B. DOEL VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING

Die doel van hierdie Algemene Jaarvergadering is om die aangeleenthede te oorweeg wat in die Agenda hieronder uiteengesit word.

## C. AGENDA

1. Opening en verwelkoming
2. Konstituering van die vergadering
3. Mosies
4. Goedkeuring van die Notule van die Algemene Jaarvergadering van 19 Julie 2022 ("Bylaag 1")
5. Sake uit die Notule
6. Verslag deur die Oudit- en Risiko Komitee (ingesluit in die Jaarverslag)
7. Dividend aanbeveel deur die Direksie
8. Bekragtiging van verkose Direkteure

**9. Gewone Besluite**

9.1 Goedkeuring van die Geouditeerde Finansiële State
9.2 Aanstelling van die Oudit- en Risiko Komitee
9.3 Aanstelling van Ouditeure

**10. Spesiale Besluite**

10.1 Terugkoop van minder as 100 aandele
10.2 Verandering van Kennisgewingsperiodes van die Wyksverkiesingsreëls

11. Algemeen
12. Verdaging

## D. PERSONE GEREGTIG OM VERGADERING BY TE WOON EN TE STEM

**REKORDDATUM**

Die rekorddatum is die datum waarop daardie Aandeelhouers van die Maatskappy wat geregtig is om kennis te ontvang, deel te neem aan en te stem op die Algemene Jaarvergadering, bepaal word. Ingevolge klousule 20.2.1 van die Akte van Oprigting van die Maatskappy is die rekorddatum **4 Julie 2023.**

**Bywoning in persoon of by wyse van volmag**

- 'n Aandeelhouer kan die vergadering in persoon bywoon; of
- deur 'n ander persoon aangewys word by wyse van 'n skriftelike volmag. Indien die Aandeelhouer verkies om



by wyse van 'n Gevolmagtigde verteenwoordig te word, moet die aangehegde vorm (Bylaag 2 -"Volmag") voltooi word. Die voltooide volmag moet aan die Maatskappy of aan die Maatskappysekretaris terugbesorg word, te die Maatskappy se geregistreerde adres, nie later nie as **48 (agt-en-veertig) uur** voor aanvang van die vergadering. Die Gevolmagtigde hoef nie 'n Aandeelhouer van die Maatskappy te wees nie, maar moet 'n natuurlike persoon wees.

**IDENTIFIKASIE**

Artikel 63(1) van die Maatskappywet vereis dat enige persoon wat van voorneme is om deel te neem aan 'n Aandeelhoudersvergadering, op versoek van die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering, in staat moet wees om identifikasie te verskaf tot die tevredenheid van die Voorsitter, van sy reg om deel te neem en te stem as Aandeelhouer of Gevolmagtigde.

**E. MOSIES**

Alle voorstelle en mosies moet skriftelik voor 10h00 op die 14de Julie 2023 by die Maatskappysekretaris ingehandig word by die Maatskappy se geregistreerde kantoor te Dan Pienaarstraat 19, Ladybrand of ge-epos word na dirkdp@ovk.co.za vir aandag: **Die Maatskappysekretaris.** Alle voorstelle en mosies moet deur die Voorsteller en die Sekondant onderteken word.

**F. ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE**

Hiermee word aandeelhouers in kennis gestel dat elektroniese deelname aan die Maatskappy se 2023 Algemene Jaarvergadering nie moontlik sal wees nie. Aandeelhouers sal derhalwe nie geregtig wees om deel te neem of te stem gedurende die vergadering indien hulle nie fisies teenwoordig is nie, behalwe as hulle sodanige keuse uitoefen deur middel van 'n geldige voltooide volmagvorm (Bylaag 2). Die vergadering sal wel regstreeks uitgesaai word en sal bykomende inligting tot die effek aan aandeelhouers gekommunikeer word voor aanvang van die vergadering.

**G. DIVIDEND AANBEVEEL DEUR DIE DIREKSIE**

Die Direksie beveel 'n dividend van 95 sent per gewone aandeel aan vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2023.

**H. BEKRAGTIGING VAN VERKOSE DIREKTEURE**

Bekragtiging van die volgende wyksverkose Direkteure word versoek:

- Mnr JA van Zyl (Wyk 7)
- Mnr FJ van Zyl (Wyk 8)
- Mnr FJ Terblanche (Wyk 11)

**I. BESLUITE**

**1. GEWONE BESLUITE**

**1.1 GEWONE BESLUIT 1: GOEDKEURING VAN GEOUDITEERDE FINANSIËLE STATE**

'n Verkorte weergawe van die finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023 is beskikbaar op die Maatskappy se webtuiste www.ovk.co.za. 'n Afskrif van die volledige finansiële state kan op versoek by die Maatskappysekretaris verkry word.

**1.2 GEWONE BESLUIT 2: AANSTELLING VAN DIE OUDIT- EN RISIKO KOMITEE**

Die Akte van Oprigting van die Maatskappy vereis dat die Maatskappy elke jaar by die Algemene Jaarvergadering 'n Oudit- en Risiko Komitee aanstel.

Die Komitee moet uit vier Direkteure van die Maatskappy bestaan en nomineer die Direksie hiermee:

- Mnr. QA de Bruyn
- Mnr WJ du Toit
- Mnr FJ van Zyl
- Mnr SO Vermeulen

**1.3 GEWONE BESLUIT 3: AANSTELLING VAN OUDITEURE**

Die Maatskappywet vereis dat daar elke jaar ouditeure aangewys moet word by die Algemene Jaarvergadering vir die nuwe finansiële jaar. Kragtens 'n Direkteursbesluit geneem op **6 Junie 2023** soos aanbeveel deur die Oudit- en Risiko Komitee, beveel die Direksie die aanstelling van PricewaterhouseCoopers as ouditeure van die Maatskappy aan. Bekragtiging word hiermee versoek.

**2. SPESIALE BESLUITE**

**2.1 SPESIALE BESLUIT 1: TERUGKOOP VAN MINDER AS 100 AANDELE**

Die Direksie stel voor dat die Algemene Jaarvergadering se besluit in 2017 uitgebrei en bekragtig word vir insluiting in die Maatskappy se Akte van Oprigting. Die besluit lui dat voorsiening gemaak word dat die Maatskappy gemagtig word om die aandeelhouers, soos op 1 Augustus van elke jaar, wat in 'n 3 (drie) jaar periode sedert hulle die eerste keer aandele bekom het en in totaal minder as 100 aandele gesamentlik in OVK Beherend (Edms) Bpk en OVK Bedryf Bpk hou, se aandele jaarliks terug te koop teen die heersende gemiddelde prys van die laaste voorafgaande verhandeling van die Maatskappy.

**Rede en Effek van Spesiale Besluit 1**

Die rede asook effek vir Spesiale Besluit 1 is om die administratiewe las en koste vir die Maatskappy te beperk.

**2.2 SPESIALE BESLUIT 2: WYSIGING VAN KENNISGEWINGSPERIODES VAN WYKSVERKIESINGSREËLS**

Die Direksie versoek bekragtiging vir die wysiging van die Kennisgewingsperiodes in paragrawe 1.1 en

1.2 van Skedule 1 van die Akte van Oprigting, as volg:

2.2.1 Wysiging van ***75 (vyf-en-sewentig)*** dae na ***60 (sestig)*** dae voor die Algemene Jaarvergadering vir die Kennisgewing van 'n vakature in 'n Wyk, word versoek.

2.2.2 Wysiging van ***60 (sestig)*** dae na ***45 (vyf-en-veertig)*** dae voor die Algemene Jaarvergadering vir die Indiening van Nominasies, word versoek.

**Rede en Effek van Spesiale Besluit 2**

Die rede vir Spesiale Besluit 2 is dat aangesien korrespondensie deesdae per elektroniese pos versend word, kan die Kennisgewingtydperk verkort word.

Die effek van Spesiale Besluit 2 is dat daar korter kennisgewingsperiodes gaan wees wanneer die Wyksverkiesings plaasvind.

**J. STEMREGTE**

Vir 'n spesiale besluit om goedgekeur te word deur die Maatskappy se Aandeelhouers, is dit nodig dat so 'n besluit ondersteun word deur ten minste 75% van die stemregte uitgebring by die Algemene Jaarvergadering ten opsigte van die betrokke besluit.

Vir 'n gewone besluit om goedgekeur te word deur die Maatskappy se Aandeelhouers, is dit nodig dat so 'n besluit ondersteun word deur meer as 50% van die stemregte uitgebring by die Algemene Jaarvergadering ten opsigte van die betrokke besluit.

**In opdrag van die Direksie.**



**DP DU PLESSIS**
**MAATSKAPPYSEKRETARIS**

Telefoon: 051 923 4512
E-pos: dirkdp@ovk.co.za

**Datum: 26 Junie 2023**




**Kliek hier vir die Jaarverslag 2023.**

SAAM BEREIK ONS MEER
TOGETHER WE ACHIEVE MORE

# BYLAAG 1

## OOS VRYSTAAT KAAP BEHEREND (EDMS) BEPERK

VERKORTE NOTULE VAN DIE VIER EN TWINTIGSTE ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU TE NG KERK, MOEDERGEMEENTE KERKSAAL, LADYBRAND, 19 JULIE 2022 OM 10H00

**1. OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter Mnr CT Bender verwelkom almal teenwoordig by die vergadering. Dr Danie Kleynhans open die vergadering op 'n gepaste wyse met skriflesing en gebed.

**2. KONSTITUERING VAN DIE VERGADERING**

Die vergadering was behoorlik gekonstitueer.

**3. MOSIES**

Die Voorsitter spreek 'n mosie van medelye uit ten opsigte van alle lede, amptenare, personeel, voormalige direkteure en mede-boere wat ons afgestaan het aan die dood sedert die laaste vergadering en aanvaar die vergadering hierdie mosie staande.

**4. GOEDKEURING VAN DIE NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN 20 JULIE 2021**

Die notule van die 2021 Algemene Jaarvergadering word goedgekeur.

**5. SAKE UIT DIE NOTULE**

Die Voorsitter berig dat daar geen sake voortspruitend uit die Notule is nie.

**6. VERSLAG DEUR DIE OUDIT- EN RISIKO KOMITEE (INGESLUIT IN DIE JAARVERSLAG**

Met goedkeuring van die vergadering sal hierdie punt hanteer word in die Algemene Jaarvergadering van OVK Bedryf Bpk.

**7. DIVIDEND AANBEVEEL DEUR DIE DIREKSIE**

'n Dividend van 90 sent per aandeel word goedgekeur.

**8. BEKRAGTIGING VAN VERKOSE DIREKTEURE**

Mnr JZ Scheepers (Wyk 1), Mnr WJ Du Toit (Wyk 9) en Mnr SJ Botha (Wyk 12) is herverkies as Direkteure in hulle onderskeie wyke

**9. GEWONE BESLUITE**

Die volgende Gewone Besluite word goedgekeur:

9.1 Geouditeerde Finansiële State soos op 28 Februarie 2022;

Met goedkeuring van die vergadering sal die volgende besluite vir beide OVK Beherend (Edms) Bpk en OVK Bedryf Bpk hanteer word in die Algemene Jaarvergadering van OVK Bedryf Bpk:

9.2 Die aanstelling van die lede van die Oudit-en Risiko Komitee;

9.3 Die aanstelling van ouditeure.

**10. SPESIALE BESLUITE**

Die Voorsitter bevestig dat daar geen spesiale besluite is vir hantering nie.

**11. ALGEMEEN**

Met toestemming van die vergadering staan hierdie punt oor na die vergadering van Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk.

**12. VERDAGING**

Die vergadering word hierna verdaag.

**VOORSITTER**

**MAATSKAPPYSEKRETARIS**

SAAM BEREIK ONS MEER
TOGETHER WE ACHIEVE MORE

# BYLAAG 2
# VOLMAG

OOS VRYSTAAT KAAP BEHEREND (EDMS) BEPERK
REGISTRASIENOMMER 1999/004070/07
("DIE MAATSKAPPY")

Naam van Maatskappy, Beslote Korporasie, Vennootskap, Trust of Individu wat volmag verleen:

______________________________________________________________________

van ______________________________________________ (adres), en met lidnommer ______________

synde 'n Aandeelhouer van Oos Vrystaat Kaap Beherend (Edms) Beperk ("die Maatskappy") stel hiermee aan:

1. ______________________________________________ of indien hy/sy nie beskikbaar is nie;

2. ______________________________________________ of indien hy/sy nie beskikbaar is nie;

3. die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering,

as my gevolmagtigde om namens en ten behoewe van my op die Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy gehou te word op **18 JULIE 2023** te **LADYBRAND** of enige verdaging van so 'n vergadering en om namens my as volg te stem met betrekking tot die besluite oorweeg te word op so 'n vergadering.

**Dui asseblief by wyse van 'n kruisie (X) in die toepaslike spasie aan hoe daar namens u gestem moet word. Hierdie volmagvorm mag ook as stembrief dien.**

| | TEN GUNSTE | TEEN | BUITE STEMMING |
|---|---|---|---|
| **Gewone Besluit 1:**<br>Goedkeuring van die geouditeerde finansiële state | | | |
| **Gewone Besluit 2:**<br>Aanstelling van die Oudit- en Risiko Komitee | | | |
| **Gewone Besluit 3:**<br>Aanstelling van Ouditeure | | | |
| **Spesiale Besluit 1:**<br>Terugkoop van minder as 100 aandele | | | |
| **Spesiale Besluit 2:**<br>Wysiging van Kennisgewingsperiodes van die Wyksverkiesingsreëls | | | |

*Tensy hierbo anders opdrag gegee, kan my gemagtigde stem soos hy/sy dit goed ag.*

Geteken op hierdie ____________________ dag van ______________________________ 2023.

______________________________

**HANDTEKENING**

NOTAS:
- Volmagvorms moet minstens 48 (agt-en-veertig) uur voor die aanvang van die vergadering ingedien word by die Maatskappysekretaris.
- 'n Aandeelhouer wat geregtig is om deel te neem aan, te praat op en te stem by 'n vergadering, mag 'n gevolmagtigde aanstel om in sy/haar plek deel te neem aan, te praat op en te stem. Sodanige gevolmagtigde hoef nie 'n Aandeelhouer van die Maatskappy te wees nie, maar moet 'n natuurlike persoon wees.